

6 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 16:24-28

Fokusgedeelte: Matteus 16:24

Selfverloëning

Toe Adam gesondig het, het hy uitgetree uit die volkome verhouding met God en die wêreld van die *self* betree. Selfgenot, selfgenoegsaamheid en selfverheffing het die wet van sy lewe geword. Toe het Christus gekom om die mens weer tot sy oorspronklike beeld te herstel. Hy het Homself aan die kruis gegee. Die mens wil maar nie gehoor gee aan die eis van selfverloëning nie. Dit is so deel van ons natuur dat Christus dit met groot nadruk vir ons moet uitspel. Hy vra dat almal wat Hom wil volg, sy voorbeeld moet volg. Hy het die pad na die kruis geloop om sy liefde vir ons konkreet uit te spel.

Insteede daarvan om homself verloën, het Petrus sy Here verloën: "Ek ken die man nie!"

As iemand leer om Christus se geboorte te gehoorsaam, sê daardie mens van hom-/haarself: Ek ken die man/vrou nie. Ek is dood vir die ongehoorsaamheid. Die geheim van ware dissipelskap is om die kruis te dra en om die doodsvonnis te erken wat oor die *self* uitgespreek is. Ek moet die reg van die *self* om oor my te heers, ontken. "Dood aan die *self*" behoort ons wagwoord te wees. Die oorgawe aan Christus moet so volkome wees dat die *self* altyd dood aan die kruis bly en nie daarvan afgehaal word nie.

Luister na die stem van Jesus Christus: Verloën jouself. Bid elke dag dat die Heilige Gees jou sal bystaan in jou stryd om hierdie *self* in bedwang te hou. Bid dat die versoekings jou nie van God sal wegtrek en die *self* weer in jou lewe sal opstaan nie.

Elkeen wat sy kruis opneem en Jesus in ware selfverloëning volg, sal ook in die ewige heerlijkheid mag ingaan.

Sing: Skrifberyming 10:5,6 Ds SP Venter (Reitz)